Gebed vir Genesing van Rassisme

Liefdevolle God, U hou ons in u hande
want ons is almal na u beeltenis geskape.
Help ons om van ons verskille ’n viering te maak.
Help ons om ons verskeidenheid met mekaar te deel,
die rykdom van al ons kulture, tale en agtergronde.
Help ons om die rassisme wat nog in ons harte en in die Kerk skuil
op te los en staan ons by in ons werk vir ’n liefdevolle samelewing
waarin niemand as gevolg van hul velkleur verag
of teen gediskrimineer word nie.
Dit vra ons in die naam van Jesus, wat sy dissipels geleer het
om verby alle menslike verdeeldheid te kyk
en na die goeie in elke persoon uit te reik. Amen.